
# Die Kaapse Bibliotekaris



K.P.B. — C.P.L.S.
INFORMATION LIBRARY / INLIGTINGSBIBLIOTEEK

Januarie 1988

**The Cape Librarian · Die Kaapse Bibliotekaris**

VOL 32 NO 1 — JANUARIE / JANUARY 1988

## VAN DIE DIREKTEUR

Ons wens al ons lesers 'n baie voorspoedige nuwe jaar toe en hoop dat 1988, benewens die vele uitdagings, ook vir u en u biblioteek 'n suksesvolle en stimulerende jaar in diens van u gemeenskap sal wees.

'n Nuwe jaar bring vernuwing en ons hoop u sal van ons blad se nuwe voorkoms hou. Benewens aktuele artikels oor skrywers, boeke, biblioteekmateriaal en biblioteke, is daar ook 'n hele paar nuwe rubrieke propvol nuttige inligting oor naslaanboeke, nuwe publikasies van die Biblioteekdiens en leeskringe.

'n Vol program is vir die 1988-biblioteekkalender in Kaapland beplan. Ons skop af met 'n bydrae oor die Diasfees in hierdie uitgawe. In latere uitgawes sal aandag geskenk word aan die herdenking van die koms van die Hugenote en die Groot Trek. In April word die tweede in 'n reeks kursusse vir groter biblioteke in Kaapstad aangebied. Daarna volg die viering van Openbare Biblioteekweek van 16 tot 20 Mei. Ons het reeds treffende reklameplakkate en ander materiaal vir 'n kinderleesprojek ontwerp vir gebruik tydens Openbare Biblioteekweek. Al hierdie materiaal sal betyds aan biblioteke gestuur word saam met besonderhede oor hoe om dit uit te stal en aan te wend.

Die Biblioteekdiens beoog verder om vanaf Julie aandag te skenk aan gemeenskapsinligtingsdienste by openbare biblioteke dwarsoor die provinsie. Alhoewel die meeste van u reeds kennis dra van hierdie projek, sal spesiale publikasies en plakkate oor hierdie onderwerp aan alle biblioteke voorsien word. Hierbenewens word heelwat ander projekte nog in die vooruitsig gestel, terwyl tien opleidingskursusse ook beplan word.

Ons vertrou dat hierdie inligting u in staat sal stel om u jaarprogram so aan te pas dat u aktief hieraan sal kan meewerk.

## INHOUD · CONTENTS

K.P.B. – C.P.L.S. – INFORMATION LIBRARY / INLIGTINGSBIBLIOTEEK


2 *BOEKSEKURITEIT* — *Anna-Marie Cloete*

6 *SECURITY IN BUILDINGS* — *J.S.T. Fletcher*

9 *BARTOLOMEU DIAS : 500-JARIGE FEES* — *Marie Hammann*

14 *SKRYWERSPROFIEL : A.S. (AMPIE) VAN STRATEN*

16 *FROM THE REFERENCE SHELF*

17 *BIBLIOTEEKFOKUS : DIE AFRICANA-BIBLIOTEEK* — *Fébè van Niekerk*


20 *LEESKRINGRUBRIEK*

22 *HOT OFF THE PRESS*

23 *NUUS / NEWS*

30 *BOEKRESENSIES / BOOK REVIEWS*

42 *BOEK-AANWINSTE / BOOK ACCESSIONS*

*REDAKTRISE / EDITOR : ZIRKËA ELLIS*
*KUNSTENAARS / ARTISTS : ALICE HOWARD*
*MONICA WAGNER & VIVIEN BOTHA*

The journal of the Cape Provincial Library Service, published monthly except in July and December. Contributions and enquiries to be addressed to The Editor, The Cape Librarian, Cape Provincial Library Service, P.O. Box 2108, Cape Town, 8000, South Africa. Opinions expressed by contributors are not necessarily those of the Cape Provincial Library Service.

# Boeksekuriteit

ANNA-MARIE CLOETE

Watter bibliotekaresse wag nie elke Juliemaand in angs en spanning op die jaar= likse rekening vir verlore en beskadigde materiaal nie ... dan praat ons nou nie eers van voorraadopnames se verliese, wat geneig is om 'n mens 'n kompleks te laat ontwikkel nie!

Nou wat staan die bibliotekaresse te doen met hierdie verantwoordelike taak om, soos Langenhoven sou sê, die swaarkry met lekkerkry klaar te kry?

Eerstens sou dit interessant en nodig wees om 'n paar sommetjies te maak om vas te stel wat die waarde in rand en sent is waaroor ons hier besin:

Somerset-Wes Openbare Biblioteek lyk soos volg:

45 000 boeke @ gemiddeld R20 stuk (volgens KPB-standaarde) beloop R900 000; 1 850 plate @ gemiddeld R18 stuk is R33 300; 400 kunsafdrukke @ gemiddeld R40 stuk (KPB beveel R60 aan), is R16 000. Dit kom op altesame R949 300 te staan. Voeg hierby nog een filmprojektor, microfiche-leser en twee platespelers ten bedrae van R6 400. Saam met ons plaaslike versameling en Africana, tydskrifte, kunsuitstalling vanaf hoofkantoor, films, en eie apparaat soos 'n oorhoofse projektor, moet dit nader aan R1 miljoen wees.

Dit het my onmiddellik laat wonder - watter boodskap lees die publiek en buitestaander uit die bibliotekaresse en haar personeel se houdings wat hulle ten opsigte van die ware en diens wat hulle aanbied, handhaaf? Stel ons nie reeds hier ons biblioteekvoorraad onbewustelik in gevaar nie?

Vra uself af: is ek en my personeel waaksaam genoeg oor ons voorrade, opmerksaam genoeg om op te let as 'n persoon sou probeer uitglip met 'n woordeboek, tydskrif of ander materiaal wat nie behoorlik uitgereik is nie, en spraaksaam genoeg om die verantwoordelikheid na te kom indien so iets sou gebeur? Skerp dit by u personeel in dat u as bibliotekaresse afhanklik is van hul samewerking en almal uiteindelik as span saamdra aan hierdie verantwoordelikheid om oplettend, wakker en bedag te wees op diefstal en beskadiging. Wees egter diskreet dat u nie leners verloor as gevolg van 'n onaangename atmosfeer van agterdog in die biblioteek nie. 'n Goue reël is om neergelegde riglyne en veiligheidsprosedures op skrif en altyd byderhand vir u personeel te hê.




Goed, u en u personeel is nou reg ingestel, tog is daar nog 'n baie belangrike aspek wat al u goeie bedoelings ongedaan kan maak, nl: U voorraad mag só gerangskik en beskikbaar gestel wees dat dit geen verbeelding laat om dit maklik uit te dra nie! Onthou: "Temptation makes the thief."

Dus: Is u toonbank so geplaas dat personeel wat toonbankdiens doen, se oë as 't ware outomaties op die in- en uitgange van die biblioteek rus?

Het u goeie kontrole oor u naslaan- en studie-areas, sodat die gebruik daarvan voortdurend gemonitor kan word?

Is boekrakke so gerangskik dat personeel vanaf die toonbank ook redelike kontrole het oor leners se bewegings - verskuilde hoekies bied uitstekende geleentheid om gou 'n bladsy uit 'n boek te verwyder of iets onder 'n los trui in te glip.

Dieselfde geld vir plate en videobande, die tydskrifafdeling, afdrukke wat portale, aktiwiteitsale, toilette, ens. versier - dit sou miskien baat om u biblioteekuitleg en plasing van biblioteekmateriaal te toets deur 'n personeellid te vra om ongemerk met 'n ensiklopedie of plaat te probeer uitglip, sonder dat die ander personeel dit opmerk.

Moenie pakkamers vergeet nie - hou dit liefs gesluit! Plaaslike owerhede wat dit kan bekostig, behoort te belê in elektries beheerde kontrolestelsels of selfs veiligheidswagte gedurende spitstyd.

Met u en u personeel opgeskerp, die biblioteekmateriaal so slim as moontlik geplaas, word die volgende veiligheidsmaatreëls voorgestel:

Hou u plaaslike versameling/Africana-kamer gesluit - beheerde toegang dus.

Duur/onvervangbare naslaan- of ander bronne kan in sluitbare kaste met glasdeure gehou word, maar dit is nie baie prakties nie, veral as skoliere besig is met temas en werkopdragte. Soms is dit wel nodig om sekere boeke soos bv. HAT, wat geneig is om te verdwyn, onder die toonbank te hou, sodat leners daarvoor vra en ook teken. Ook hierdie stelsel is onwenslik en benadeel die gebruik daarvan.


Fotokopieerders is 'n onmisbare ergernis in biblioteke! Dit verhoed dat studente 'n boek vaslê wat benodig word vir 'n projek, veral uit naslaan- en studieversamelings. Probeer egter om kostes so laag as moontlik te hou, anders bied dit geen oplossing nie.

Fotokopieer artikels of inligting wat deur 'n groep studente benodig word. Meer as een kan sodoende geholpe raak, terwyl dit ook die betrokke inligtingstuk spaar.

Pamflette en los inligtingstukke raak ook maklik weg - as dit waardevol en onvervangbaar is, hou eerder die oorspronklike kopie terug en plaas 'n fotokopie uit vir gebruik.

Sekere studie- en naslaanboeke kan oornag of vir kort periodes uitgeleen word maar die nodige voorsorg moet getref word om dit weer betyds terug te kry, bv. die lener se telefoonnommer, 'n deposito of hoër boetes wat gehef word vir laat boeke.

Sommige tydskrifte, veral oorsese publikasies soos **National Geographic**, is blykbaar onweerstaanbaar en verdwyn maklik. In herhaalde gevalle kan die nuutste uitgawe onder die toonbank gehou word, met 'n nota op die tydskrifrak dat dit weens onvoorsiene omstandighede onder die toonbank gehou word en leners daarvoor moet vra en ook teken.




Skooltasse, sakke en inkopiesakke moet buite die biblioteek gelaat word, of êrens by die ingang waar dit steeds veilig sal wees.


Plate en videobande: Van veral laasgenoemde, kan slegs die omslag/houer uitgestal word terwyl die inhoud agter die toonbank gehou word. Wanneer 'n lener dit wil uitneem, handig hy die omslag by die uitleentoonbank in en sal die biblio tekaresse die inhoud daarin plaas en uitreik. Die nadeel is dat ekstra spasie agter die toonbank benodig word, die stelsel tydrowend is en foute kan ook insluip met die ekstra hantering van items.

Dit is handig om lyste te hê van die skole en standerds se temas en projekte, vir ingeval materiaal oor daardie onderwerp beskadig word of verdwyn. Hier kan die betrokke klasonderwyser van groot hulp wees.

Boekdiewe kan in drie groot groepe verdeel word: Eerstens is daar die professionele dief wat hom toelê op versamelstukke, met die oog op die herverkoop daarvan. Die tweede is die toegewyde amateur wat dit eerder doen om die boek in sy persoonlike versameling te plaas as om dit weer van die hand te sit. Die derde is die persoon wat 'n naslaanwerk vir sy eie gerief sal vaslê, bv. die student wat te lui is om in die biblioteek te werk. Soms beskou hierdie persoon dit eerder as 'n uitdaging as hy ongemerk met 'n item uit die biblioteek kan loop, en sal dit selfs soms weer stilletjies terugdra, tot groot vreugde van die biblioteekpersoneel! Ek noem met groot huiwering 'n vierde dief, die gevaarlikste miskien, omdat hy die beste geleentheid het en ook die beste beskerm is, naamlik personeel. Daarom is dit ontsettend

belangrik dat elke personeellid, van skoonmaker tot hoof, met omsigtigheid gekeur moet word. Verder moet personeelreëls nie so streng toegepas word dat dit oneerlikheid bevorder nie, maar aan die ander kant moet daar beslis vaste reëls wees wat toegepas word met die uitreikingstelsel, bv. korrekte uitleenprosedures, aantal items per persoon, ens.

Voorts is dit verstandig om enige diefstal op te volg, hoe klein ook al. Bou 'n goeie verhouding op met u plaaslike polisietak en maak gebruik van u munisipale konstabel se dienste, al loop hy net 'n draai deur en om die geboue daagliks.



As 'n persoon op heterdaad betrap word met ongemagtigde biblioteekmateriaal, moet baie diskresie aan die dag gelê word, hoewel u ferm moet optree. Terwyl die persoon egter nog in die biblioteekgebou is, het u geen waarborg dat sy motiewe negatief is nie, maar hy moet tog weet dat u daarvan bewus is. Maak ook seker dat u die korrekte prosedures, soos neergelê en aanvaar deur u plaaslike owerheid, volg, en dat die personeel dit ook ken. Dit behoort op skrif op 'n bepaalde plek in die biblioteek gebêre te word.

Boeksekuriteit beteken ook beskerming van biblioteekmateriaal teen beskadiging. Ons vind hier drie tipes, naamlik:




- Normale slytasie deur voortdurende hantering en gebruik;
- Eksterne faktore soos die son, water, peste en plae;
- Kwaadwillige beskadiging.

***Normale slytasie***

Die spreekwoord "a stitch in time saves nine" is hier die wagwoord. Het u 'n voortdurende boekherstelrooster? Plastiek, los bladsye en rûe behoort onmiddellik aandag te ontvang en nie gelaat te word totdat dit nie meer die moeite werd is om herstelwerk daaraan te verrig nie. Is u personeel opgelei om herstelwerk professioneel en korrek te doen? Verkeerde metodes en materiaal kan erger skade veroorsaak! Vanaf hoofkantoor is 'n stel notas beskikbaar met nuttige wenke en riglyne en u is ook welkom om die afdeling waar herstelwerk gedoen word, te besoek. Kortom, sorg dat u biblioteekmateriaal in 'n skoon en netjiese toestand is, en die publiek sal dit met groter respek hanteer.

As 'n boek beskadig is, teken dit op die datumvel of uitleenkaart aan, bv. 24.9.87 - bl. 11-12 verwyder. Indien moontlik, veral by ensiklopedieë, kan 'n fotokopie van die vermiste dele ingevoeg word.

Ook plate se toestand behoort op die platekaart aangedui te word - die persoon wat plate skoonmaak en kontroleer, moet baie presies wees. Laat plateleners hul handtekening of lidmaatskapnommers naas die datumstempel plaas sodat probleme teruggevoer kan word na die laaste lener. Leners behoort ook die plaat fisies voor die personeellid te kontroleer wanneer dit uitgereik word. Onthou, as u nie oortuig daarvan is dat 'n item in 'n goeie toestand uitgereik is nie, kan en mag u nie 'n lener daarvoor verantwoordelik hou nie! Veral kinderplate en ligte musiek is hier ter sprake.

Personeel moet voortdurend oplettend wees wanneer biblioteekmateriaal teruggeneem en uitgereik word. Dis 'n goeie gewoonte om boeke vinnig deur te fliek voordat dit rak toe gaan. Moenie skaam wees om leners daarop te wys as plastiek byvoorbeeld geskeur, die omslag of boek vol sand is, of die stofomslag as bladwyser gebruik is nie. Voorsien altyd bladwysers.

Laat leners ook vir verlore binne-omslae van plate, inbinding van boeke, ens. betaal - dit is alles skoolgeld!

Boekopvoeding, veral by kinders, is noodsaaklik en 'n jaarlikse boekuitstalling van beskadigde items kan deel vorm van hierdie opvoedingstaak, selfs vir volwassenes.


Boeke, veral ensiklopedieë wat gefotokopieer word, se rûe gee dikwels die gees as dit met krag platgedruk word - probeer om dit te verhoed. Tydskrifte se rugkante kan by voorbaat versterk word, los bylaes ste= wig vasgeheg word aan die ag= terkant, en die biblioteek= stempel geplaas word op inskry= wingsvorms, blokkiesraaisels, resepte, ens., wat graag verwy= der word.

Lesers van grootdruk- en hospi= taalverhale plaas graag hul voorletters op skutblaaie en sommige biblioteke vind dit nodig om 'n skoon velletjie papier agter in die boek te plak sodat name daarop aange= bring kan word. Dit is egter 'n swak gewoonte wat 'n mens nie graag wil aanmoedig nie. Kinder- en groot formaat boeke kan in kleiner afskortings ge= liasseer word omdat dit geneig is om om te val en moeilik han= teer. Dieselfde geld vir tele= foongidse.

*Eksterne faktore*

Plate en son is 'n fatale kom= binasie en leners moet veral in die somer daaraan herinner word.


Kunsafdrukke behoort rug aan rug vervoer en geberg te word.




Nat boeke kan tydelik in 'n vrieskas gehou word, totdat die nodige aandag daaraan verleen kan word - dit verhoed dat boe= ke muf.

Studente moet gedurig daaraan herinner word dat aantekeninge en die onderstreep van handlei= dings baie selfsugtig is en skadevergoeding daarvoor geëis sal word.

Dit is handig om plastiese sak= ke byderhand te hê op reëndae - iets waaraan die Provinsiale Biblioteekdiens miskien aandag kan gee?




Wees bedag op peste en plae soos muise, vismotte, kokkerot= te, ens. Het u 'n gereelde berokingsprogram?

Klam geboue veroorsaak muf en roeskolle op papier en behoort dadelik gerapporteer te word.

*Kwaadwillige beskadiging*

Dit is onnodig om te noem wat leners alles met biblioteekma= teriaal kan aanvang - sorg eg= ter dat hulle bewus is van die implikasies hiervan, byvoor= beeld dat sekere boeke onver= vangbaar is, dit moeilik en soms onmoontlik is om 'n deel van 'n ensiklopedie te vervang, ens. Ook hier kan u die bood= skap effektief deur middel van 'n uitstalling deurgee.

Wees baie streng indien 'n per= soon op heterdaad betrap word. In ernstige gevalle kan perma= nente opskorting van lidmaat= skap selfs oorweeg word.


Laastens, maak gebruik van u skole se samewerking. Leer u skoolbibliotekaresse ken, be= trek hulle by u biblioteekak= tiwiteite. Hulle het waarskyn= lik soortgelyke probleme wat u saam-saam beter kan benader. As die gebruik van prente en kaarte in temas en werkopdragte verbied word, sal skade aan studieversamelings en naslaan= werke beslis afneem.


Om personeel by te staan in spitstye, sou 'n veiligheidswag 'n goeie oplossing wees, maar lê kundigheid aan die dag dat u nie die aangename atmosfeer daarvoor inboet nie.

Posstukke en pakkies moet ste= wig wees en behoorlik geëtiket= teer, en duur of onvervangbare items ten minste per gesertifi= seerde pos versend word.

Ten slotte verwys ek u graag weer terug na die heel eerste punt en vertrou ek dat biblio= tekaresses in die vervolg die fyn balans tussen 'n ferme, opmerksame, dog vriendelike houding sal kan handhaaf, sodat ons en ons biblioteekmateriaal nie onnodig beproef sal word nie. C.J. Langenhoven sê tereg:

"Daar is maar net een manier om uit te vind hoe sterk 'n boog is, en dit is om hom te buig totdat hy breek. Só beproef 'n dwaas sy siel en liggaam!"





J.S.T. Fletcher

# SECURITY IN BUILDINGS

My subject is "Security in buildings", a very wide subject since buildings range in their security requirements from Fort Knox, the Kremlin, and UN headquarters and similar buildings at the one end, to humble domestic residences at the other.We must define our subject a little more clearly and, in this case, our field of interest is library premises and their immediate surrounds. The consideration in any building protection is to note its use, since the use it is put to dictates to some degree the nature of the threat. Libraries are buildings to which the public have access. The nature of that public and the environment in which the library is placed, are the two day to day critical features which determine the threat to such premises and the staff manning them.

There is clearly a difference between the environment of Bishopscourt and that of Bishop Lavis. The clientele are different; their requirements are different; their social conduct would be different; and thus their reaction to imposed security differs.

The features which we must examine to understand and meet any threat, are:

* The building, and its layout, in which we are employed.
* The times at which and the periods for which our client uses the building.
* The emergency planning and procedures for our building and the departure from it in times of emergency, which we have control over.
* Our own staff exit route, once outside the building, to clear any area of perceived danger.
* Car parking.
* Routes to bus stops.


### *Concerning the building itself and the control of activity therein*

The introduction in 1985 of the 'Control of access to public premises and vehicle act', provides us with a tool to control entry to, behaviour in, and removal from those premises which have been made subject to a directive under Section 2 of the Act.

At the business schools around the country they ask you to address yourself to a major question in respect of your activity. What business are we in? On examination, the function of a library is public relations, entertainment and education.

We know that to educate and entertain, a small library must contain some 5 000 books and a large central library ten times that amount - 50 000. Today the average book costs R20, and this does not include children's books, so we are looking at books valued at R100 000 in a small library, and R1 million in a large library.

Since with wear and tear, a book enjoys a life of five years, the problems of theft and non-return become the two major obstacles to the success of the "business".



Without books there is no business and consequently no education, no entertainment and the quality of life is diminished. So protection of the building, the books and the system used to register and issue clients' books, becomes vital to the success of the operation.

At this point, and since you require some practical suggestions from this presentation, I would like to offer you a checklist of highlights which will assist the management of the building from a security point of view in today's environment: always remembering the business you are in.

- Who is in charge of the security function, and in this case, who is appointed as the official under the 'Access to public buildings control act'?
- Is he employed full time? If not, what are his other duties?
- What is the security history of this library? What proven or suspected thefts or incidents have occurred here?
- Have the general tasks of the security official been detailed in writing, for instance, does he ensure daily unlocking and locking of the building? Does he turn on lights and ensure that alarms are operative? Does he check before locking up whether people are hiding in toilets or other places of concealment? Does he ensure that vehicles which bring staff or privately owned vehicles are safely parked and under regular surveillance? Has the security official or management devised an emergency plan for evacuation of the building under emergency occurrences?

> **'What liaison is there with the local police?'**

- What liaison is there with the local police? Do they visit regularly? Is their telephone number and the name of the police official readily available at your reception area?
- Is the telephone number of a nearby doctor available at the switchboard? Do you have the telephone number of a senior official to hand? The emergency number for fire, ambulance and the police is 10111. A list of these telephone numbers should be kept in a prominent position.
- The appointed security official must also be aware of the location of fire fighting equipment and be responsible for routine maintenance checks.
- Is cash properly secured and properly handled?
- Key register: who is responsible for the safe custody of keys and duplicate keys and where are they kept? If photocopying equipment is available, who controls its use?
- Who controls office cleaning?
- Are steps taken to prevent unauthorised use of telephones?
- Are there any firearms kept on the premises - if so, are these safely secured?

*The building itself*

- Are there any exterior hiding places?
- Is the exterior well lit up at night?
- Is the parking area properly lit and vehicles parked so that there is a smooth getaway when leaving, as opposed to a series of reversing and U-turn requirements before drivers can leave easily? Is there a plan that staff leave together at night?
- All of these things require a little bit of thought, application and some control on a daily basis. The intention is that they become routine, the responsibility of all staff to observe, but with an appointed official from amongst the group who will ensure that the systems are properly executed and any shortcomings are attended to.

The library operation which is so closely involved with large

volumes of public, is similar to a retail goods operation and there are two fundamentals in retail security.

* Staff movement and control (and this is less important in a library since it is unlikely that the few staff would be responsible for theft).
* Stock movement (Books) and controls concerning receiving, dispatching the merchandise (similar to the paypoint at a retail environment). Through this environment runs the key of customer pilferage and as we noted above, direct theft of the books despite identification and recognition systems at point of sale or point of check and then the non-return of a lawfully removed book.

In the aforementioned we have pointed to the reaction to an emergency situation, whether that emergency be a fire, some form of assailant, indeed a threat arising from the outside environment wherever your library is situated. For all of these you will need an emergency plan. Emergency planning is an important element in day to day living in urban society.

Emergency plans involve the procedure for the early reporting of any emergency situation: the steps to be taken in the organization to notify external

***'Emergency planning is an important element in day to day living in urban society.'***

emergency services (police, fire, ambulance, civil defence, hospital services) and the steps for evacuating the building on a controlled basis to protect life and minimise the effects of the emergency. Such planning demands the appointment of an emergency controller from amongst the staff and also requires the rehearsing and clear knowledge of the steps required in any such plan to achieve its objective.

So what can you, as individual librarians, do about this mysterious situation of security in your building? I will give you three pointers.

* Look at your building when you go back to your library, imagine you are locked out and you have to get in. You don't have the keys. Walk around it, look at the doors, the windows, the drainpipes, the roof and determine how you would get in and notice the weaknesses from the outside because that's what the criminal intruder does.
* Walk around and see how the layout of the premises either protects the product of your business, the books, or allows the dishonest client to slip books into his briefcase or shirt, and avoid control when leaving. Remember here that at Wits University, the tattle tale system introduced at the book checkout point, was circumvented by students who merely threw the books out of the library windows to their colleagues outside, instead of exiting past the checkpoint controls.The third point which you must take into account is whether the name of your emergency controller, the telephone number of the support systems, the police, ambulance and fire brigade are available at your reception area (and are you aware of the fact), as these are of paramount importance in an emergency situation and, do you know what to do if such an emergency arises: from a smouldering cigarette, to a burst water-main or even a bomb threat on the premises?

In short:

Have you got an emergency plan?
Do you know your emergency plan?
Do you rehearse your emergency plan?

# Bartolomeu Dias
## 500 JARIGE FEES



Op 3 Februarie 1988 sal dit presies 500 jaar wees dat die bekende Portugese seevaarder, Bartolomeu Dias in die baai Agûada de Sao Brãs, wat 'waterplek van St. Blasius' beteken, met sy karveel geland het.

Hierdie gebeurtenis, wat allerweë as 'n ontdekking beskou word, in betekenis soortgelyk aan die maanlanding van die Amerikaners in hierdie eeu, is dan ook die oudste opgetekende gebeurtenis in die suidelike halfrond. Dit alleen regverdig 'n herdenking, of dan 'n nasionale fees, om hierdie man Bartolomeu Dias, te eer en sy vaart op 'n grootse wyse te vier.

*WIE WAS HIERDIE MAN?*

Baie min ware feite oor hierdie seevaarder is opgeteken. Waardevolle inligting is egter geskrifte van die geskiedskrywer Barros. Bartolomeu Dias was die aanvoerder van 'n hele reeks seevaartekspedisies wat op bevel van Portugese vorste soos koning João II uitgestuur is om die kus te verken in die hoop om toegang tot die seeroete na Indië en die spesery- en goudmarkte van die Ooste te bekom. Sy voorganger, Diogo Cao, het reeds in 1485 'n padrão ('n

**Marie Hammann**


baken in die vorm van 'n klipkruis) by Swakopmund opgerig.

*HISTORIESE AGTERGROND VIR DIAS SE VAART*

In Augustus 1487 het koning João II 'n ekspedisie onder aanvoering van Bartolomeu Dias afgevaardig om te probeer om die seeroete na die Indiese Oseaan te probeer vind.

Gesien teen die agtergrond van die primitiewe skepe en toerusting tot hulle beskikking, kan hierdie kaptein en sy bemanning waarlik as helde bestempel word.

Teen die einde van 1487 het die




ekspedisie verby Kaapkruis, noord van Swakopmund gevaar en toe suidwaarts beweeg. Dias was reeds uitgeput deur sy stryd teen die onophoudelike suidoostewind en het besluit om van koers te verander ; eers suidweswaarts en toe, na 'n paar dae, ooswaarts. So het hy onwetend die verloop van die geskiedenis verander. Hy het om die suidpunt van Afrika gevaar en toe hy later noordwaarts vaar, by die baai wat vandag as Mosselbaai bekend staan, anker gegooi. Só het Dias vir homself 'n ereplek in die geledere van die beroemdste ontdekkingsreisigers verseker.

*BARTOLOMEU WORD IN AFRIKAANS GEVIER*

In 'n gesprek tussen die twee gevierde Afrikaanse digters, N.P. van Wyk Louw en D.J. Opperman, het Van Wyk Louw erken dat hy baie graag 'n versdrama oor hierdie groot seevaarder wou skryf. Met dié doel voor oë het hy hom spesiaal by die Boesmansriviermond, naby Kwaaihoek waar Dias 'n padrão opgerig het, afgesonder en die skitterende versdrama, Dias, geskryf. Dit is dan ook gepas dat hierdie drama vir 1988 in skole voorgeskryf is. Daar is reeds in die

afgelope jaar verskeie Dias-opvoerings in skole en ander tersiêre inrigtings gehou.

Op 3 Februarie 1988 sal 'n groep leerlinge van die Laerskool Totius in Bellville uittreksels, toegelig in drie tale, Afrikaans, Engels en Portugees, tydens die voorstellingsitem met die aankoms van die karveel in Mosselbaai voordra.

Hierdie hoogtepunt in die feesgebeure sal deur TV 1 direk uitgesaai word. Biblioteke, skole en opvoedkundige inrigtings behoort vroegtydig voorsiening te maak vir opnames en ook reëlings te tref sodat alle leerlinge hierdie epogmakende gebeurtenis kan sien.

*DIE ONTSTAAN VAN DIE FEESGEDAGTE*

Prof. Eric Axelson, 'n internasionale gesaghebbende op die gebied van die Portugese seevaart, kan ongetwyfeld as die dryfveer agter die Dias-herdenking beskou word. Vir hierdie aanvoorwerk asook sy baanbrekerswerk en herontdekking van die geskiedkundige padrão by Kwaaihoek, is die Orde vir Voortreflike Diens, Klas I (Goud), in 1987 deur die Staatspresident aan hom toegeken.

Die Feeskomitee onder voorsitterskap van mnr. Gene Louw, Administrateur van Kaapland, bestaan uit 33 lede.

Die Fees ressorteer onder die Departement van Onderwys en Kultuur (Administrasie: Volksraad).

Verskeie subkomitees asook plaaslike werkkomitees in Mosselbaai staan die Direktoraat en Sekretariaat in die Kaapstadse kantore met die uitgebreide feesreëlings by.

*DIE PROVINSIALE POSBOOM-MUSEUM IN MOSSELBAAI*

Tydens die fees in Mosselbaai op 29 Januarie - 6 Februarie 1988 en in die jare wat kom na afloop van die feesverrigtinge, sal hierdie museumkompleks 'n baie belangrike besoekpunt vir skoolgroepe, toeriste en ander belangstellendes wees.

Die terrein om die Posboom bevat die volgende geskiedkundige geboue wat deur Gawie en Gwen Fagan, bekende Kaapse argitekte, gerestoureer is:

**Die Graanskuur** wat vanjaar 200 jaar oud is. Hier sal geskiedkundige foto's van die oorspronklike gebou en koringbedryf asook 'n koringuitstalling deur die Moorreesburgse koringbedryfmuseum en deur Bokomo gehou word.

**Die Skulpmuseum** wat met geverfde weekdierpanele en waardevolle skulpversamelings 'n uitstalmuseum van wêreldgehalte sal word.

'n Unieke uitstalling van tradisionele skulpdoilies wat as feeskompetisie vir senior landsburgers uitgeskryf is, sal ook te sien wees.

**Die Maritieme museum** sal ongetwyfeld die meeste belangstelling uitlok. Hierdie ou koringmeulhuis is so gerestoureer dat daar ruimte gelaat is vir die karveel om na afloop van die feesgebeure in Lüderitz in Julie 1988, daar geherberg te word.

Die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum, die SA Kunsmuseum, die Poskantoor, skole-uitstallings en historiese landbou-uitstallings, sal binne sowel as buite hierdie museum besigtig kan word. Hierbenewens sal daar ook tydelike uitstallings wees van antieke stoele, speelgoed, leerwerk, 'n tipiese plaaswoning uit die vorige eeu, 'n dorsmasjien en stoomketel in werkende toestand, en Suid-Afrika se enigste muilewa en span muile.

*BYDRAE - BIBLIOTEEKDIENSTE*

Behalwe opvoedkundige plakkate, uitstallings en deelname aan plaaslike feeste deur biblioteke in Suid-Afrika, sal daar ook in samewerking met die Suid-Kaapse leeskringe sewe aanbiedinge in die Mosselbaaise biblioteek aangebied word. Bekende skrywers soos Alba Bouwer, Dalene Matthee, S.V. Petersen, Abraham de Vries, Gwen Fagan, Luis Lebato (vanaf Portugal) en Kristo Pienaar sal onder die titel **Woord en Wêreld** van hulle eie werke vertel. Leeskringe sal gepaste boekuitstallings by elke lesing aanbring.

*DIE KARVEEL*

Die karveelprojek is die grootste enkele projek wat deur die Nasionale Feeskomitee aangepak is en kan as die spil waarom die hele fees draai, beskou word.

Hierdie vaartuig sal op 3 Februarie 1988 'n simboliese voorstelling in Mosselbaai hê, waarna die reis-kaptein, kaptein Emilio de Sousa, 'n Suid-Afrikaner van Portugese afkoms, en die 16 bemanningslede van wie agt Suid-Afrikaners en sewe Portugese is, ná die lang tog vanaf 8 November 1987 vanuit Lissabon, in Mosselbaai aan wal stap.

Die bouplanne van die karveel is op noukeurige navorsing gebaseer en die replika is so na as moontlik aan 'n 15de-eeuse karveel gebou. Daar is van oorspronklike boumateriale en instrumente gebruik gemaak, en hierdie opwindende vaartuig is in Julie 1987 deur die Presidentsvrou van Portugal, mev. M. Soares, te water gelaat.

### *ROETE EN REISPLAN*

Daar word van Dias se oorspronklike reisplan afgewyk deurdat daar nie onderweg na Mosselbaai by Suidwes-Afrika aangedoen sal word nie. Die karveel sal wel na aflop van die feesgebeure besoeke aan Lüderitz en Walvisbaai bring. Die karveel sal vanaf Lissabon by Madeira en die Kaap Verdiese Eilande aandoen, en daarna ook by Mosselbaai wees op 3 tot 19 Februarie, Port Elizabeth op 20 Februarie tot 10 Maart, en Kwaaihoek op 11 tot 12 Maart, waar 'n fees van besonder geskiedkundige betekenis gehou word, aangesien die eerste baken of monument in die suidelike halfrond hier deur Dias opgerig is. Daarna lyk die roete so: Oos-Londen op 13 tot 20 Maart, Kaapstad op 30 Maart tot 12 April, Port Edward op 10 Junie, Durban op 11 tot 12 Junie, Lüderitz op 2 tot 11 Julie, Walvisbaai op 14 tot 19 Julie en daarna weer terug by Lüderitz op 22 tot 26 Julie.

### *FEESEMBLEEM EN SLAGSPREUK*

Die Feesembleem is in opdrag van die Nasionale Feeskomitee deur mnr. Willem Jordaan ontwerp. Dit is op 18 Oktober 1985 by die Buro van Heraldiek geregistreer. Hierdie embleem is ook as basis vir die Feesvlag gebruik. Die vlag is reeds in Mosselbaai gehys.

'n Behoefte is ook gevoel aan 'n slagspreuk waarin die gees van die herdenking kernagtig saamgevat kon word. 'n Landwye Dias-slagspreukkompetisie het nagenoeg 17 000 inskrywings uit alle bevolkingsgroepe getrek. Die wenspreuk deur 'n negentienjarige Portugese weermagman, Gerald Serrao, lui soos volg:

**Span vandag die seile vir môre.**
**Set sail today for tomorrow.**

Na talle inskrywings vir 'n Feesplakkaat is dié van Naomi von Gadow, 'n tienjarige leerling van Stellenbosch, gekies.

### *FEESLIED*

Die weninskrywing vir die Feesliedkompetisie vir Hoërskoolleerlinge is van David Gibbon, leerling van die Hoër Seunskool Rondebosch, ontvang. Hierdie lied se liriek is in albei landstale beskikbaar.

**Hulde aan Bartolomeu Dias**
**Tribute to Bartolomeu Dias**

### *GEDENKUITGIFTE EN PUBLIKASIES*

* Dias and his successors, a record of Portuguese maritime activities in South African waters (1487 - 1952), 'n prestige publikasie onder redaksie van prof. Eric Axelson.
* 'n Gedenkprogram: DIAS 1988.
* 'n Engelse versameling gedigte geredigeer deur prof. M. van Wyk Smith.
* 'n Spesiale Dias-uitgawe in Januarie van die tydskrif Lantern.
* Talle tydskrifte sal artikels asook spesiale bylaes publiseer oor die feesgebeure.

Hierdie fees beloof om 'n nasionale fees vir alle mense in Suid-Afrika te wees. Groot getalle besoekers word vanaf Portugal en van oor die hele Republiek van Suid-Afrika verwag.

Mag ons hierdie groot ontdekker en seevaarder nie vergeet nie.

As ons hierdie Kultuurfees so vier en inklee dat dit sinvol en funksioneel vir ons tyd sal wees en as doelwit sal hê om hierdie boodskap aan die jeug oor te dra, kan ons sê dat die DIAS-FEES 'n ware noodsaaklikheid in ons land se geskiedenis was.

Met hierdie fees wil ons dus op aanskoulike wyse uiting gee aan ons vreugde dat God die mens as sy skeppingskroon tot suiwere prestasies soos dié van Bartolomeu Dias gelei het.

# Diasfeesvierings in Kaapse biblioteke

Om die landing van Dias 500 jaar gelede aan die Kaapse kus te herdenk, word daar van 3 Februarie tot 29 Julie landwyd fees gevier.

Die Biblioteekdiens doen 'n vriendelike beroep op alle biblioteke in die Kaapprovinsie om aktief deel te neem aan die landwye feestelikhede.

### *MOSSELBAAI-BIBLIOTEEK TREK SY FEESKLEED AAN*

Die stadsraad van Mosselbaai was die eerste owerheid in die Suid-Kaap om standaard biblioteekgeriewe vir sy inwoners beskikbaar te stel. 'n Splinternuwe gebou is in 1964 daar opgerig en het tot op datum pragtig voldoen aan die behoeftes van die gemeenskap.

Met die oog op die Diasfeesvierings, die verwagte oplewing in hierdie gebied en die gepaard gaande bevolkingsgroei, is weer krities na die biblioteek gekyk. Daar is toe besluit om die kinderafdeling te vergroot en van 'n aparte ingang te voorsien. Die saal en volwasse afdeling kon ook aandag kry en veranderinge is aangebring aan die rakke, toonbank, beligting en 'n netjiese leesafdeling. Die hele projek sal na verwagting sowat R404 000 kos en die Biblioteekdiens het 'n bedrag van R350 000 beskikbaar gestel om hierdie koste te help dra.

Ons vertrou dat mev. Annet du Toit en haar personeel die groot ontwrigting sal oorleef en binnekort in 'n 'nuwe' biblioteek sal werk! Alle veranderinge sal waarskynlik teen Februarie afgehandel wees en die biblioteek getooi in sy nuwe feeskleed.




*'n Tekening van Dias deur Sheila Nowers verskyn op een van die vier gedenkseëls.*

### *UITSTALLINGS*

U kan die Diasfees-plakkate wat u van die Reklame-afdeling ontvang het, as middelpunt gebruik vir 'n biblioteekuitstalling. 'n Lys van Dias-boeke in Biblioteekdiensvoorraad, verskyn op die volgende bladsy.

### *SKOOLPROJEKTE*

Dias sal vanjaar ook 'n baie gewilde onderwerp vir skooltemas wees. Met die oog hierop, verwys ons u na die spesiale Diasfees-uitgawe van die **Suid-Afrikaanse Panorama**, vol.32, no. 11, November 1987 wat 'n hele reeks insiggewende artikels oor Dias se ontdekkingsreis langs die kus van Afrika bevat, sowel as die Januarie-uitgawe van **Lantern**.

### *BIBLIOTEEKOPVOERINGS*

Skole en amateur-toneelgroepe kan betrek word by 'n opvoering van N.P. van Wyk Louw se hoorspel **Dias** (T839.362). Hierdie hoorspel is in 1952 in opdrag van die SAUK geskryf om Dias se ontdekkingsreis langs die weskus van Afrika dramaties voor te stel.

### *PORTUGESE MUSIEKAANDE EN -ETES*

U kan ook 'n Portugese musiekaand en -ete met tradisionele disse in die biblioteek aanbied. Plaaslike musikante en groepe soos vroueverenigings kan by u reëlings betrek word. As u dorp geen musiektalent het nie, kan u Portugese volksmusiek uit u eie plateversameling speel of 'n bloklening uit die bygaande lys van die Sentrale Plateversameling aanvra.

### *KUNSAFDRUKKE*

Daar bestaan nie veel Portugese kuns uit die Dias-tydperk nie, maar 'n lys van kunsafdrukke wat wel in Biblioteekdiensvoorraad en beskikbaar is op aanvraag van u streekbiblioteek of die Sentrale Kunsafdrukversameling, verskyn hiernaas.

### *DIAS GEDENKSEËLS*

Vir seëlversamelaars sal dit goeie nuus wees om te verneem dat 'n reeks spesiale gedenkseëls en koeverte met die oog op die Diasfeesvierings uitgereik word. Op die vier Suid-Afrikaanse seëls verskyn Dias, koning João II van Portugal, op wie se bevel hy sy ontdekkingsreis onderneem het, sy twee karvele onderweg na Mosselbaai, en die eerste kruis wat hy op Suid-Afrikaanse bodem by Kwaaihoek geplant het. Die vyf gedenkdagkoeverte met seëls kan aangevra word van Die Direkteur, Filateliedienste, Privaatsak X505, PRETORIA, 0001.

## DIAS-BIBLIOGRAFIE

### *VOLWASSE VAKLEKTUUR*

| | | |
|---|---|---|
| AXELSON, E. | Portuguese pioneers in Southern Africa, p. 4-7 | 968.01 AXE |
| DOS PASSOS, J. | The Portugal story, p.149-152 | 946.902 DOS |
| MULLER, C.F.J. | 500 jaar: geskiedenis van Suid-Afrika (Also in English) | 968 |
| PRESTAGE, E. | The Portuguese pioneers, p. 222-226 | 910.9469 PRE |
| RENAULT, G. | The caravels of Christ, p. 112-119 | 910.946 REN |
| WALKER, E.A. | A history of Southern Africa | 968 WAL |

### *TIENER- EN JEUGBOEKE*

| | | |
|---|---|---|
| ARMSTRONG, R. | The discoverers | T 910.9 ARM |
| CASTLEREAGH, D. | The great age of exploration | T 910.9 CAS |
| HALE, J.R. | Age of exploration | T 910.94 HAL |
| HECKE, H.R. | How men discovered the world | J 910.9 HEC |
| HECKE, H.R. | Die ontdekkers van die wêreld | J 910.9 HEC |
| KNIGHT, F. | Stories of famous explorers by sea | J 910.9 KNI |
| ROBERTS, G. | Atlas of discovery | TQ 910.9 ROB |
| ROSS-MACDONALD, M.J. | Beyond the horizon | T 910.9 ROS |
| TOWNSON, W.D. | Groot ontdekkings 1453-1763 | J 910.9 TOW |

### *NASLAANBRONNE*

| | |
|---|---|
| COLLIERS Encyclopaedia, vol.6, p.443 d. | |
| DICTIONARY of South African biography, vol.1 | R 920.68 |
| ENCYCLOPAEDIA Britannica: Mikropaedia, vol.3, p.524 | |
| Makropaedia, vol.3, p.572; vol.3, p.791, vol.17, p.502 | |
| ENSIKLOPEDIE van die Wêreld, vol. 3 | R 033.936 |
| KENNIS, p.12-13; p.238; p.1402 | |
| NUWE Afrikaanse Kinderensiklopedie, vol.1, p.188; vol.7, p.199 | |
| STANDARD Encyclopaedia of Southern Africa, vol.1, p.32; vol.3, p.34; vol.4, p.33 | |
| VAN DER WALT, A.J.H. Geskiedenis van Suid-Afrika | R 968 |
| WÊRELDSPEKTRUM, vol.5, p.28; vol.21, p.141 | |
| WORLD Book Encyclopaedia, vol.D, p.151; vol.C, p.156 | |

### *PORTUGESE VOLKSMUSIEK*

| | |
|---|---|
| ACORES: Grupo Folclorico de S. Miguel | G |
| The BEST of Amalia Rodrigues. Rodrigues, soprano | G |
| Uma CASA Portuguesa: a Portuguese home: une maison portugaise | F |
| FADOS: Fernanda Maria. Fernanda Maria | G |
| FERNANDO FARINHA: evocacao. Farinha; Nery, Nunes, guitars | F |
| GRUPO folclorico de Santa Maria de Portuzelo e Rancho Regional de Carreco | G |
| ILHA da Madeira, Portugal. Grupo Folclorico da Casa do Povo da Camacha | G |

### *GESKIEDENIS-VOORLESING*

| | |
|---|---|
| KLANK in geskiedenis, deur Daan Retief. Vol.1, Dias en die ontdekking van die Kaap. | J 968 KLA |

### *KUNSAFDRUKKE*

| | |
|---|---|
| BELL, Charles Davidson, (1813-1882): Bartolomeu Dias raises a padrão on the island of St. Croix, Algoa Bay | (10 afdrukke) |
| NIEUWE naaukeurige land-en-see-kaart, van het voornaamste gedeelte der begrypende de Sardanja-Bay en de Caap de Bonne Esperança | (7 afdrukke) |
| DUARTE, Izidro (1942- ) [Landscape with goat, trees and figures] | (7 afdrukke) |
| KRUGER, Braam: Bay of storms - four lithographs - A monument on paper in honour of the shipwrecked souls lost in Table Bay at the Cape of Good Hope | (1 afdruk) ▸◂ |

# Skrywersprofiel

## A.S. (Ampie) van Straten



In my hoërskooljare - Seunshoër in Pretoria - moes ons soveel reëls prosa en soveel reëls poësie memoriseer en "opsê" vir 'n mondelinge punt. Jaar na jaar het van my klasmaats seke=re paragrawe uit Jochem van Bruggen se **Ampie** geleer en voorgedra, sinne wat min of meer só lui:

Ampie stamp sy simpel suster eenkant toe. "Gee pad van my plek af!"
"Ma, kyk hier vir Ampie!"
"Ampie, jy sal bars," brom sy ma sonder om te roer.
Ampie sit nou langs sy pa wat vrot tabakblare uit 'n kromsteelpyp rook en skelm sy goor ogies eenkant toe gooi op sy seun, vol agterdog. "Was jy vandag by die wippe?"
"Ja, Pa, en toe loop ek Kasper Booyse op die lyf, en hy het net lelik na my gevry."

Jaar na jaar is dié groot prosa met groot gevoel opgesê terwyl almal na my loer om te kyk hoe ek dit "vat". Ek het elke keer, soos Uys Krige graag gesê het, gekners op die agterstes en gesmaail met die voorstes - en besluit om eendag 'n boek te skryf waarin 'n vertraagde Jog 'n sukkelrol speel.

Toe ek **Daar's 'n gaatjie in die middel van die see** skryf, het ek dan ook gesorg dat een van die karakters Jog heet, maar ek is vandag trots daarop dat my wraaksug tog nie die oorhand gekry het nie: die Jog in my studenteroman is nogal 'n skaflike kêrel, 'n minsame lummel; mens hou van hom.

Die **Gaatjie** het ontstaan tydens die ontgroening. Ek het die komieklikhede en wreedhede daarvan opgeteken en besef dit kan die begin van 'n boek wees. Maar eintlik was ek in my studentejare 'n formidabele digter wat verse geskryf het soos:

**Kougometer**
Eers was dit soet
maar hy het gekou en gekou
tot hy homself daarin kon proe.
Toe
het hy dit uit
gespoeg.

Ek het die **Gaatjie** eers ná my studies voltooi en toe gesukkel om dit gepubliseer te kry. In daardie jare, 1966, mog studente nie op papier "vloek" nie en talle kwinkslae en sêdinge moes afgewater word voor ek my storie uitgegee kon kry. Die enigste verandering wat so vars was as die oorspronklike, was "lekker gepaw-paw nog nie papdronk nie" vir die onaanvaarbare "lekker gepiepie nog nie poepdronk nie". Gelukkig is die **Gaatjie** 'n paar keer herdruk en toe het ek baie van die oorspronklike studente-uitdrukkings teruggesit.

My tweede roman, **Die wenner**, speel af in Johannesburg se Hillbrow waar ek 'n ruk lank 'n woonstel gehad het. Digbevolkte, kosmopolitiese Hillbrow, waar mens ver voel van die natuur en waar jy dikwels al die Europese tale hoor maar nie 'n woord Afrikaans nie. Toe ek een middag in 'n restourant 'n **Vaderland** (Johannesburg se middagkoerant) lees, het 'n dame haar metgesel teen die skouer getik en na my kant toe beduie: "There's an Afrikaner."

In dié volksvreemde plek plaas ek drie Afrikaners wat van mekaar verskil soos kryt en kaas. Die beskaafde, lewensmoeë Bas, die selfgesentreerde Roelf en die arme Phillippus P. van Staden wat meer van my in hom het as wat ek ooit sal erken.

Die titel **Die wenner**, het 'n ironiserende funksie en "werk" in die verhaal, maar dis te 'n algemene titel, nie baie onthoubaar nie. Ek moes die roman die Anglisistiese titel **Die busvanger** gegee het. Roelf is in alle opsigte 'n filistyn - hy ken o.a. nie die verskil

ussen 'n Anglisisme en porno=
rafie nie - en hy ry baiemaal
us. En wanneer sy broer Bas
et baie boeke by hom intrek,
ou hulle boekrakke van planke
n bakstene wat Roelf oral in
ie stad 'optel' en per bus
anry. Dit lei tot een van my
unstelingtoneeltjies:

Jy mag nie bakstene in die bus
nbring nie, meneer."
Bakstene?" Roelf het sy onder=
ip uitgestoot. "Waar sien jy
akstene?"
In jou hand."
Dis nie 'n baksteen nie, dis
y kosblik. Net omdat my kos=
lik nie 'n rek om het nie,
ink jy dis 'n baksteen!"
ie busdrywer het gevat en ge=
ruk aan die baksteen."Dit is
n baksteen!"
Kan ek help as ek arm is?"...
nsovoorts.

as wat van die platteland af
om, ry ook soms bus en as hy
pklim, stel hy homself voor
an die kondukteurs en skud
lad met die verbaasde mense.
as haal busse, dis Roelf wat
ulle vang ...

y twee radiodramas **Pendoring
Edms) Beperk** en **Pendoring en
ie** het ontstaan in my jare in
ie reklamewese. Ek het vroeg-
roeg agtergekom dat sekere
ngesofistikeerdes hoë woorde
ebruik om te kompenseer vir
emisse wat hulle in hulself
anvoel. Hulle sê nie sommer
et iets nie; hulle maak gewag
aarvan, opper die feit, bring
lit te berde, lug die opinie,
s die mening toegedaan ... dat
lit baie warm is. Soos die
rugbykommentator wat nooit sê
aas Botha skop van die kwart=
yn nie; nee, hy neem die skop
an die kwartlyn af waar. Soos

**'Skryf is gewoonlik 'n alleenbedryf, maar vir die verhoog skryf, is gesellig.'**

die dame wat meen dis 'plat' om te sê iets is te kry by alle goeie apteke, jy moet sê dis verkrygbaar by alle goeie ap= teke.

Dis sulke mense wat geskrewe Afrikaans altyd langer en lom= per laat lyk as Engels, en dis met hulle wat ek 'n bietjie die spot dryf in my radiodramas. Ek moet nog 'n derde een skryf: **Pendoring en Seun.** Daarin wil ek veral gekskeer met mense wat meen werkwoorde moet verkieslik aan die einde van 'n sin staan - prof. Ponelis noem dit glo die kondukteurswasindroom.

My toneelstuk **Die potlooddief en die engel** is die eerste stuk wat in die ATKV se kampustoneel 'n oefenlopie gekry het. Uit dié aanbieding het ek heelwat wys geword en die komedie verder geslyp vir 'n professio= nele speelvak in 1985 in die Staatsteater, Pretoria, en die Alexander-teater, Johannesburg.

"Being a woman", het Joseph Conrad gesê, "is a terribly difficult trade, since it con- sists principally of dealing with men." **Die Potlooddief en die engel** is skaamteloos pro- vrou, baie krities teenoor die growwe skepsels met wie die skones hul lot moet deel. Oor uitsprake soos die volgende lag vroue lekkerder as mans:

* "Van 'n man moet jy nooit volwassenheid verwag nie. Hulle gaan van kind wees tot kens wees sonder iets tussen= in ... Ek het hulle al baie beny."

* "As jy aangetrokke voel tot sommige mans, dis 'n poets wat Moeder Natuur ons bak. As jy mans haat, dis die nor= maalste, die natuurlikste ding in die wêreld."

* "Tonie het 'n vrou nodig." "Ja, 'n sosiale werkster."

Skryf is gewoonlik 'n alleen= bedryf, maar vir die verhoog skryf, is gesellig. Jy gee 'n klomp mense werk, en as die aanbieding slaag - die spelers op hul stukke is, en die pu= bliek vol applous - dan ervaar die dramaturg groter vreugde as wat 'n prosaïs of digter ooit kan droom om te smaak.

Een van my aangenaamste herin= neringe is van 'n dame wat so meegesleur is deur wat op die verhoog gebeur dat sy heeltyd kliphard gereageer het. Toe die twee beskermengele afkyk in die hel in, het sy geskok haar asem ingetrek; toe die duiwel verskyn, het sy uitgeroep "O gits, Frits!" Niemand het lek= kerder gelag en geesdriftiger hande geklap as sy nie. Won= derlike mens, sout van die aar= de; ek hoop die hemel sal vir haar 'n plek wees waar sy haar aansteeklike laggie gereeld kan laat opklink.

Soos die **Pendorings**, is die **Potlooddief** gepubliseer en te kry by alle goeie boekwinkels.

# REFERENCE SHELF

One of the most outstanding characteristics of modern man is his seemingly insatiable thirst for knowledge. Where can the information he requires from day to day be found? Hopefully in his local library.

To meet the ever increasing demand for information, public libraries are supplied with basic reference collections. It would, however, be a grave misconception to assume that the reference sources in a library are limited to those materials which may not be loaned, such as yearbooks, encyclopaedias, dictionaries, bibliographies, atlases, etc. Reference sources cover a much wider field and any material which may be of use to the user in his search for relevant information, can be regarded as a reference source. Bibliographies, pamphlets, periodicals, newspapers, non-fiction collections in libraries, the **Subject Index** as well as a community information file, are all indispensible additional sources for a good reference service.

No librarian can offer an effective reference service unless she has a thorough knowledge of her library's total stock. The only way in which this can be achieved, is by handling the books regularly. Some time should be set aside each day to page through the reference works in one's library and to acquaint oneself with any new reference work issued to the library.

One's attitude towards borrowers requiring information is also of great importance in determining whether a user will feel at liberty to approach the librarian in future for information which he cannot find.

To meet the reference needs of children, adult reference works should be easily accessible and available, as school libraries are often ill-equipped and unable to meet the demand for information on school themes.

In the course of the year a number of reference works will be under discussion in this column to enable librarians to utilise their reference works fully.

## VAN DIE NASLAANRAK

Een van die kenmerke van die moderne mens, is sy oënskynlik onversadigbare behoefte aan kennis. Waar kan hy hierdie inligting wat hy voortdurend nodig het, verkry? Hopelik van sy plaaslike biblioteek.

Om in die steeds toenemende behoefte aan inligting te voorsien, word openbare biblioteke van basiese naslaanversamelings voorsien. Dit sou egter 'n groot fout wees om aan te neem dat slegs materiaal soos ensiklopedieë, woordeboeke, jaarboeke, bibliografieë, atlasse, ens., wat nie uitgeleen mag word nie, as naslaanwerke beskou moet word. Naslaanwerke dek 'n baie wyer spektrum en enige bron wat vir die gebruiker van nut kan wees in sy soeke na inligting, moet as 'n naslaanwerk beskou word. Bibliografieë, pamflette, tydskrifte, koerante, vakliteratuurversamelings in biblioteke, die **Saakindeks** en 'n gemeenskapsinligtingslêer, is almal onontbeerlike aanvullende naslaanbronne.

Bibliotekarisse kan slegs 'n doeltreffende naslaandiens lewer as hulle goed vertroud is met hulle biblioteekvoorraad. 'n Mens leer egter net jou voorraad ken as jy dit gereeld hanteer. Knyp dus elke dag 'n tydjie af om naslaanwerke deur te blaai en vertroud te raak met alle nuwe naslaanwerke wat tot die biblioteekvoorraad toegevoeg word.

'n Mens se houding jeens jou leners sal bepaal of hulle later weer die vrymoedigheid sal hê om jou te nader as hulle nie self inligting kan opspoor nie.

Om in die inligtingsbehoeftes van kinders te voorsien, moet naslaanwerke in die volwasse afdeling ook vir hulle toeganklik en beskikbaar wees, aangesien skoolbiblioteke dikwels swak toegerus is en nie in hulle behoefte na inligting oor skooltemas kan voorsien nie.

In die loop van die jaar sal 'n aantal naslaanwerke van naderby beskou word in hierdie rubriek om bibliotekarisse beter toe te rus om die naslaanbronne in hulle biblioteke ten volle te benut.

—Zirkëa Ellis—

BIBLIOTEEKFOKUS

# Die Africana-Biblioteek in Kimberley

FÉBÈ VAN NIEKERK

Hierdie volwaardige navorsingsbiblioteek het ontstaan as voortvloeisel uit die destydse Kimberley Openbare Biblioteek met sy waardevolle plaaslike en streekversameling.

As gevolg van sy uitsluitlike doelstelling van bewaring en inligtingsverskaffing, verskil dit geheel en al in wese van die openbare biblioteek wat vroeër in dieselfde gebou diens aan die publiek gelewer het.



*Die biblioteek se sierlike wenteltrap.*

As 'n mens by die voordeur instap, is jy daarvan bewus dat jy 'n ander wêreld betree; daar heers 'n stemming van toegewyde besigwees en veral opmerklik, is 'n gevoel van professionalisme en vakgerigtheid. Van die "stilte asseblief" atmosfeer van 'n outydse biblioteek is daar egter geen sprake nie; daar is aktiwiteit, beweging en belangstelling te bespeur. Doeltreffende en bekwame dienslewering is die leuse van die Africana-biblioteek.

Die ontsluiting van unieke bronne-materiaal en die opsporing van inligting sonder meganiese hulpmiddels vereis 'n gespesialiseerde kennis van die materiaal en die vakgebied, en nougesette dokumentering. Persone wat gehelp word, wissel van plaaslike studente wat deur

van plaaslike studente wat deur die openbare biblioteek verwys word vir gespesialiseerde ge= skiedkundige inligting tot na= graadse studente wat besig is met tesisse. Onderwerpe soos die vroeë kultuurlewe, die Maleierkamp in Kimberley, die Jode se aandeel in Kimberley se geskiedenis, rivierdelwery, e.d.m., gee 'n aanduiding van navrae wat hanteer word. Be= antwoording van skriftelike na= vrae geskied op 'n nasionale sowel as internasionale vlak.

Kimberley lewer 'n onontbeer= like en waardevolle diens as inligtingsbron oor Noord-Kaap= land, hoofsaaklik Griekwaland-Wes, diamantdelwerye en -myne, die Boere-oorlog en vir genea= logiese navorsing.

Bronne wat geraadpleeg word, bestaan uit boeke, manuskripte, kaarte, pamflette, foto's, kie= serslyste, verslae, koerante, regeringspublikasies, en regis= ters. Mikrografiese ontslui= ting van boeke deur middel van indeksering, identifisering van persone en geboue op foto's, die byhou van 'n koerantuit= knipselstelsel en die tydige verkryging van alle relevante materiaal, maak deel uit van die veelvuldige daaglikse take.

Dit is vanselfsprekend dat be= waring 'n belangrike aspek van die werk is. As gevolg van ver= skeie bewaringskursusse wat by= gewoon is, word aandag bestee aan konstante vasgestelde tem= peratuur van magasyne, die suurgehalte van bergingsdose en papier en beligting.

Plaaslike koerante vanaf 1870 is op mikrofilm beskikbaar en verskeie tesisse op mikrofiche. Oorspronklike koerante is van so 'n swak gehalte dat hulle nie fisies aan navorsers be= skikbaar gestel kan word nie. Gelukkig beskik die biblioteek oor 'n mikrofiche/film-leser/




*'n Sy-aansig van die Africana-Biblioteek*

drukker wat gebruik word om inligting op te spoor en om afskrifte te maak. Die probleem wat met die verhuising van die openbare biblioteek ontstaan het, is die gebruik van mikrofilms deur navorsers na-ure wanneer die nodige leesapparaat nie meer beskikbaar is nie.

Die nagenoeg 5 000 foto's in die versameling is geïndekseer en in gefotokopieerde vorm vir die publiek toeganklik om onnodige hantering te vermy.

Die waardevolste materiaal word in brandbestande kluise bewaar; geen materiaal word uitgeleen nie.

Die skatte in die versameling sluit in, eerste uitgawes van vroeë reisverhale (Campbell, Andrew Smith, Barrow, ens.); die enigste bekende kopie van die **Almanak voor de Kaap de Goeie Hoop** vir 1804; die enigste Latynse kopie in Suid-Afrika van die **Nuremburg Chronicle**; die eerste Bybel in Tswana wat die persoonlike besitting van Robert Moffat was; die **Troostelyk gesprek tusschen de Heere Jesus en die moedeloose ziel**, 1801 (die tweede nie-amptelike publikasie in die Kaap); Goewerneur Sluysken se handgeskrewe manuskrip oor die Britse oorname van die Kaap in 1795 en 'n brief aan Jan van Riebeeck om hom te beveel om 'n walvisstasie aan die Kaap op te rig; Le Vaillant se ses volumes oor voëls van Afrika, Arabella Roupell se pragtige tekeninge van Kaapse blomme, 'n Ptolemy kaart van Afrika (1542); 'n



*Die Moffat-pers*


Ortelius atlas van 1598 met dié nota, "as for America, they know not whether it is joined to Asia on the northern side", en baie meer.

Die kern van die waardevolle versameling is te danke aan die ywer van die Kimberleyse bibliotekaris John Ross (1869 - 1947) wat van onkonvensionele metodes gebruik gemaak het om ander kopers te uitoorlê wanneer hy graag 'n seldsame stuk vir die biblioteek wou bekom. Deur sy versiendheid, is 'n goeie versameling vroeë Tswana-materiaal byeengebring en bewaar, tesame met die omstrede Moffat-pers wat vir bykans 70 jaar in die biblioteek bewaar word en wat tans 'n ere-plek geniet in die Ross-vertrek wat ingerig is ter nagedagtenis van John Ross. Onlangs is ons versameling aangevul met 'n Tswana-boekie met dié inskripsie op die voorblad, "Miss Moffat with Mr Ashton's kind regards, Kuruman Jan 22, 1874" wat ons ten duurste op 'n Sotheby vendusie moes aankoop. Ofskoon fondse uiters beperk is, is ons genoodsaak om voort te bou op Ross se versameling.

Die personeel van die Africana-biblioteek bestaan uit een deeltydse en twee voltydse persone wat dikwels beswaarlik die navrae en besoekers kan hanteer. Maar hulle werk verruil vir 'n betrekking in die openbare biblioteek? Dit sal hulle nooit doen nie! Elke dag is propvol uitdagings, ontdekkings en stimulerende besoekers en gebeure.

Enigeen wat deur Kimberley ry sonder om die spog Africana-biblioteek te besoek sal beslis 'n interessante ondervinding misloop!

# LEESKRINGRUBRIEK



Aangesien daar 'n toenemende belangstelling in die Kaap= provinsie in leeskringe is, is hierdie 'n nuwe rubriek wat ons hoop wyd en syd gebruik sal word.

Die doel met die rubriek is om vir u 'n aanduiding te gee van die nuutste uitgawes van gewil= de én goeie leesstof, sowel as om u aandag te vestig op ouer titels wat die moeite werd is om te bespreek. Sommige van die boeke wat hier bespreek word, is pas van die pers en nie noodwendig alreeds in bi= blioteekvoorraad nie. U streek= bibliotekaris sal alles in sy vermoë doen om die boeke be= skikbaar te stel - dit is egter belangrik om te onthou dat die boeke wat bespreek word, dik= wels gewild is en dat vroegty= dige vooruitbeplanning nood= saaklik is.

Audrey Blignault se **Van leser tot leser**, is 'n goeie riglyn met die beplanning van 'n nuwe leeskring. 'n Verdere hulpmid= del in u keuse vir bespreking, is die Biblioteekdiens se hand= leiding, **Literêre toekennings**, wat direk van die redaksie ver= krygbaar is. Die rubriek is 'n nuttige hulpmiddel vir die bi= bliotekaresse in haar skakeling met leeskringe, en moet asse= blief onder hulle aandag ge= bring word.

Dalene Matthee se befaamde derde bosboek, **Moerbeibos**, wat blykbaar die eerste in die tri= logie moes wees, is weer eens in kenmerkende Matthee-styl aan ons gegee. Sy word deur 'n resensent geprys vir haar ver= moë om heerlike uitdrukkings, kwinkslae en passasies in die verhaal in te werk. **Moerbeibos** handel oor Silas Migel, wat met sy dogter, Mirjam, onwettig op 'n stukkie goewermentsgrond woon. Sy rustigheid word ver= steur deur 'n groep Italiane wat 'n sywurmkultuur aan die gang kom sit en by wie se doen en late hy teen wil en dank ingesleep word ten einde sy grond te behou. Dalene Matthee se karakterskepping is net so raak as in haar vorige romans en dit is sekerlik nog 'n lek= kerte van die storie om Silas veral te sien ontplooi. Sy sê self dat sy vir Silas gróót respek het en dat hy 'n diep aardse eerlikheid besit - hy het haar maar net toegelaat om die storie te skryf. 'n Mens kom in die verhaal weer onder die kragtige betowering van die Bos en wat dit met sy bewoners maak.

Oupoot uit **Kringe** maak ook weer sy verskyning en baie van die lekker-lees van die roman is die amper-bekendheid van die milieu. Miskien moet 'n mens nie te diep wil gaan lees en te veel soek in die boek nie, maar dit bloot sien as 'n baie goeie en lekker-lees boek.

Wat die bundel kortverhale **Sleep vir jou 'n stoel nader** van André le Roux definitief sal doen, is om sy leser te ráák - hetsy ten goede of ten kwade. Joan Hambidge sê in haar resensie in **Die Vaderland**, dat dit nie 'n boek is vir die wat swak van hart óf sinne is nie. Of miskien is dit juis! Hier= die stories wat Le Roux vertel, stuit vir niks en niemand nie. Dit word beskryf as 'autofic- tion'. Hy skryf uit 'n verslag= gewers-oogpunt en die verhale is nie geskoei op tradisionele verhaaltegnieke nie. Maar die waarheid op 'n baie reguit manier - die is dit wel. Dit gee op 'n baie verbeeldingryke